

INLICHTINGSBLAAIE:
WINGERDPESTE



WINGERDPESTE **STAMBOORDERS**



SATI
SOUTH AFRICAN TABLE
GRAPE INDUSTRY



Wat is stamboorders?

Stamboorders is insekte wat in lote en hout van plante boor. Daar is ten minste vier verskillende tipes stamboorder wat wingerd aanval. Almal het volwassenes wat kan vlieg om nuwe gasheerplante te besmet.

Stamboorders in wingerd

Kweperstamboorder	<i>(Coryphodema tristis)</i>
Houtboorderkewers	<i>(Xyloperthodes spesies)</i>
Tappieboorder	<i>(Alloodape ceratinoides)</i>
Boomkriek	<i>(Oecanthus spesies)</i>

AL HIERDIE INSEKTE KOM NATUURLIK IN SUID-AFRIKA VOOR EN BENUT 'N VERSKEIDENHEID GASHEERPLANTE. SOMMIGE IS SPORADIESE PESTE VAN WINGERD.



FIGUUR 1
Mot en larwe van kweperstamboorder.



FIGUUR 2
Tonnels in wingerdstam.



FIGUUR 3
Tunnel opening waar mot uit papie verpop het.

ALLE FOTOS: INR INFRUITECNIEVOORBUI

KWEPERSTAMBOORDER

Kweperstamboorders — ook bekend as appelstamboorders — is larwes van motte^{fig 1}. Hulle val 'n wye reeks in- en uitheemse bome aan, sowel as vrugte, onder andere kwepers, appels, druwe en olywe. Volwasse motte voed nie en leef slegs lank genoeg om te paar en eiers te lê. Dit is die larwes wat skade veroorsaak.

Die motte lê eiers op die gasheer en die larwes voed vir tot drie maande onder los bas op die oppervlak van die hout. Daarna boor hulle in die hout in^{fig 2}. Hulle kan tot veertig millimeter lank word. Volgroeide larwes beweeg terug na die tonnelopening om papies te vorm^{fig 3}. Die lewensiklus neem een tot drie jaar om te voltooi.

TAPPIEBOORDER

Tappieboorders is klein wespe. Die volwassenes hol die sagte murg by die snoeipunt van lote — sogenaamde tappies — uit om hulle eiers te lê. Die larwes vreet die uitdrogende murg en hol die loot tot by die eerste stingelknoop uit. Hulle val nie lewende hout verby die stingelknoop aan nie.



FIGUUR 4
Volwasse houtboorder kewertjie (links) en larwe (regs).



FIGUUR 5
Gaatjies omtrent die dikte van 'n potlood se punt.



FIGUUR 6
Xyloperthodes kewertjie in tunnel.



FIGUUR 7
Gom wat by houtboorders se gaatjie uitgeskei word.

HOUTBOORDERKEWERS

Beide volwassenes en larwes^{fig 4} van houtboorderkewers in die genus *Xyloperthodes* boor in hout^{fig 5 en 6}. Volwassenes lê eiers in hout en die larwes tunnel verder totdat hulle papies vorm. Larwes verkies dooie of sterwende hout terwyl die volwassenes ook lewende hout aanval.

Gesonde wingerdstokke verdedig hulself teen houtboorderkewers deur 'n jellie-agtige stof af te skei sodra die kewer in die stok of loot begin boor. Die jellie-agtige stof verswelg die kewer en verseël die wond wat die kewer gemaak het. So-doende verhoed die stok infeksie deur houtverrottingswamme.

Stokke wat onder stres verkeer is nie daartoe in staat om die jellie-agtige stof^{fig 7} te produseer nie. In sulke stokke kan kewers reg rondom lote boor en ringelering veroorsaak. Die gevolglike dooie en sterwende hout is ideale habitat vir die kewer se larwes.



FIGUUR 8
Eiers van boomkriek binne-in jong wingerdloot.



FIGUUR 9
Gaatjies in wingerdloot waar boomkriek eiers gelê het.



Figuur 10
Volwasse boomkriek.

BOOMKRIEKE

Boomkrieke in die genus *Oecanthus* boor gate in jong lote om hulle eiers te lê^{fig 8 en 9}. Nimfe wat soos die volwassenes^{fig 10} lyk — net kleiner en sonder vlerke — broei uit die eiers. Die nimfe boor nie in hout nie. Boomkrieke vreet hoofsaaklik blare en blomme, maar vang ook prooi soos plantluise en inseklarwes.



Watter stamboorders is van ekonomiese belang?

Larwes van kweperstamboorders verswak die gasheerplant en kan selfs lei tot vrektes. Die larwes bevorder infeksie deur sekere houtverrottingswamme. Die swamme droog die hout uit en maak dit sodoende meer geskik vir die larwes. Die swamme kan aanhou versprei selfs al is die larwes nie meer teenwoordig nie. Kweperstamboorders is 'n sporadiese plaag maar veroorsaak ernstige skade wanneer hulle voorkom.

Houtboorderkewers is nie 'n probleem in sterk, gesonde wingerd nie — die stokke sal hulself verdedig. Stres as gevolg van droogtetoestande of houtverrottingswamme verhoog die vatbaarheid van wingerdstokke vir houtboorderkewers. Lang snoeilote wat in wingerde bly lê totdat dit uitdroog verskaf daarby ideale aanteeplekke vir houtboorders.

Faktore wat wingerd vatbaar maak vir houtboorderkewers

- Droogte
- Infeksie met houtverrottingswamme
- Besmetting met aalwurms
- Ongunstige grondtoestande wat wortelontwikkeling belemmer
- Swam- en bakterie-infeksies van vaatbundels wat waterbeweging in die stok strem

Tappieboorders word nie as 'n ekonomiese plaag beskou nie. Hulle voed slegs op die dooie hout aan die eindpunt van gesnoeide lote.

Boommekrieke voed nie op hout nie. Die wyfies kan wel veroorsaak dat lote verwelk en selfs terugsterf deurdat hulle veelvuldige openinge maak om hul eiers te lê. Boommekrieke veroorsaak slegs sporadiese skade en is nie van ekonomiese belang nie.

Beheer van stamboorders

Geen chemiese beheer is beskikbaar vir kweperstamboorders nie. Verwyder en verbrand besmette plante.

Daar is ook geen chemiese beheer vir houtboorderkewers nie. Moenie die jellie-agtige afskeidings van die stokke verwyder nie — dit verhard mettertyd en beskerm die plant. Snoei alle dooie hout weg en verbrand dit. Verwyder ook alle snoeilote en ou stokke uit die wingerd sodat dit nie 'n habitat skep vir

larwes nie. Kap snoeilote fyn indien dit vir 'n deklaag gebruik gaan word.

Onthou dat houtboorderkewers simptome is van 'n probleem in die wingerd. Dit is dus belangrik om die onderliggende oorsaak van stres in die stokke te identifiseer en aan te spreek.

Chemiese beheer van boommekrieke behoort nie nodig te wees nie.



ANNA MOUTON
Skrywer en Tegnieuse Ontwerper
anna@annamouton.com

TEGNIJSE RAADGEWER

Elleunorah Allsopp
LNR Infruitec-Nietvoorbij
021 809 3007
allsoppe@arc.agric.za